Ontwerp ¤ Hein Mönnig



Welgemeend

Konferensies ! Troues ! Maaltye ! Restourant

Kloofstraat 129 • Tuine • 8001
✆ (021) 422 2601 • Sel. 083 248 8805
Faks (021) 423 8377
Welgemeend@ctinet.co.za

Agtergrond

Geleë op die statige gronde van die Hoërskool Jan van Riebeeck in die Tuine, is Welgemeend 'n ware oase van harmonie en styl te midde die woelige stadskom. Die gebou is gehul in 'n ouwêreldse atmosfeer met alle moderne geriewe tot u beskikking.

Welgemeend, met sy trotse tradisie en geskiedenis, is 'n Nasionale Gedenkwaardigheid, maar hier is geen verkalking van die kreatiewe are nie. Hier heers 'n atmosfeer van geredelike produktiwiteit en positiewe energie.

Ligging

Weens sy sentrale ligging, bied Welgemeend maklike en vinnige toegang na Kaapstad, ruim parkering, moderne spysenieringsgeriewe en 'n gemaklike werkmilieu wat u sal behaag. Welgemeend leen hom tot huweliksonthale, funksies, konferensies, wynproe-aande en jaareindfunksies.

Fasiliteite

Die Media 24-teater is volledig toegerus vir 'n voorlegging of aanbieding. Dit bevat 100 verstelbare sitplekke, beligting, en 'n verhoog wat perfek is vir die bekendstelling van nuwe idees en produkte. Dié ruimte kan ook omskep word in 'n aktiewe werkforum vir groepe van 40.

Die Investec-Hofmeyr salon, met sy kaggel en ou houtbalke in die dak en 'n houtvloer om die regte toon te stel. Dis 'n unieke dinee- of konferensielokaal wat 22 gaste om 'n formidabele houttafel kan huisves. Dié ruimte kan rangskik word vir 80 mense, bioskoop-styl, of vir 'n lesinggehoor van 30.

Die Sanlam-Kamer is sonnig, snoesig en intiem, met ou Bataviese vloerteëls en 'n geelhouttafel waarom 10 gemaklik kan sit vir middag- of aandete.

Restourant & Veranda

Die restourant is volledig toegerus en 80 gaste kan rustig aansit vir 'n wonderlike maaltyd.

Die Welgemeend voorsien spyseniering en 'n kontantkroeg met 'n kroegman. Spesifieke behoeftes kan in samewerking met die kliënt gereël word.

Kyk vanaf Welgemeend se breë stoep uit op die wonderlike tuin en stadsvista, wanneer u 'n bietjie vars lug skep of die harmonie van die tuin wil geniet. Dit is ook die ideale plek vir troues of ope-lug konserte.

Welgemeend is voorwaar u eerste keuse vir werk of jolyt in 'n gemoedelike ruimte, omring en gevoed deur die gerusstelling van die bekende, en die opwinding van die toekoms.